

PROTEÏENLEKKE

VOERMOL BOVELDER LEKKONSENTRAAT

Klas: Proteïen- en Spoormineraalkonsentraat vir Beeste

VOERMOL BOVELDER LEKKONSENTRAAT is 'n lekkonsentraat vir die tuismeng van winterlekkte vir beeste in suurveldgebiede met strawwe winters:

- dit moet met sout en ander bestanddele vermeng word om 'n onderhoudslek of doelmatige produksielek te gee;
- spesiaal geformuleer vir gebiede waar lekinname van gewone winterlekkte te hoog is;
- is 'n gekonsentreerde bron van proteïen wat aanleiding gee tot 'n laer koste per eenheid proteïen;
- bevat voldoende hoeveelhede natuurlike proteïen en fosfor om beeste koste-effektief mee te oorwinter;
- stimuleer mikrobies in die grootpens om inname en vertering van droë winterweiding te verbeter;
- help om droë galsiekte te voorkom aangesien melasse matig lakserend is;
- verskaf spoorelemente wat noodsaaklik is vir optimum eetlus en vrugbaarheid.



SAMESTELLING VAN VOERMOL BOVELDER LEKKONSENTRAAT

REG NR V19908 (Wet 36/1947)

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen* (min)	750	Mangaan	250
Ureum (maks)	220	Koper	125
Ruvesel (maks)	100	Kobalt	5
Vog (maks)	140	Yster	375
		Jodium	30
		Sink	375
		Selenium	3
		Vitamien A (IE/kg)	16 667

*93.2 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

L.W. Voermol Bovelder Lekkonsentraat bevat NPN-bronne en moet streng volgens die meng- en voedingsinstruksies gebruik word. Moet nie ongemeng aan diere gevoer word nie.



VOERMOL

MENG- EN VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Bovelder Lekkonsentraat kan met sout alleen of met sout en mieliemeel gemeng word om onderhouds- of produksielekke te gee. Onderhoudslekkie word aanbeveel vir droë koeie en produksielekke vir koeie met kalwers en jong groeiende diere. Die keuse van die lekmengsel sal afhang van die produksiestatus van die dier, kondisie van die diere en kwaliteit en beskikbaarheid van die weiding.

Meng- en Voerinstruksies vir Onderhoudslekkie en Produksielekke:

MENGINSTRUKSIES (kg)					
	Onderhoudslek			Produksielek	
	1	2	3	4	5
Bovelder Lekkonsentraat	600	450	400	400	400
Mieliemeel	–	200	300	400	450
Sout	400	350	300	200	150
Totaal	1 000	1 000	1 000	1 000	1 000
SAMESTELLING VAN LEKMENGSEL (g/kg)					
Ruproteïen	450	354	324	332	336
Ureum (maks)	131	98	87	87	87
Kalsium (maks)	12	9.1	8.1	8.1	8.1
Fosfor (min)	9.6	7.7	7.2	7.4	7.5
% Proteïen vanaf NPN	88	84	81.5	79.5	78.6
AANBEVOLE INNAME (g/bees/dag)					
Inname	400 - 550	500 - 700	550 - 800	800 - 1 100	800 - 1 100

Lek 1: Hierdie onderhoudslek is hoogs gekonsentreerd en voer dus net aan droë beeste waar volop droë gras beskikbaar is. Die lek is veral geskik vir suurveldgebiede waar lekinname normaalweg te hoog is.

Lekke 2 en 3: Hierdie lekke bevat mieliemeel en is gevolglik meer smaaklik as lek 1. Gebruik in omstandighede waar meer energie aangevul moet word.

Lekke 4 en 5: Lekke 4 en 5 is produksielekke vir koeie met kalwers of jong groeiende diere soos bv. vervangingsverse. Lek 5 se vrywillige inname sal die hoogste wees.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnome voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL